

Skriflesing: Levitikus 14: 1 -19; Lukas 22: 14-20

Teks: **Levitikus 14: 3-7**

Sing: VOORAF SANG – Ps. 122:1,2

TYDENS EREDIENS - Ps. 150:1; Ps. 103:2; Ps. 116:1,4,5; Sb. 5-4 (10):2,3,5,6

Levitikus 14: 1 -19

Lev 14:1 Die Here het vir Moses gesê:

Lev 14:2 "Wanneer iemand gereinig moet word wat gelyk het aan 'n velsiekte wat hom onrein maak, moet die volgende voorskrif nagekom word. Hy moet na die priester toe gebring word,

Lev 14:3 maar buite die kampplek. **Die priester moet die persoon daar ondersoek. As hy genees is van die velsiekte,**

Lev 14:4 **moet daar op bevel van die priester twee lewende rein voëls, 'n stukkie sederhout, bloedrooi garing en 'n hisoptakkie gebring word vir die persoon wat gereinig moet word.**

Lev 14:5 **Op bevel van die priester moet die kop van die een voël afgesny word oor 'n erdebakkie waarin vars water is.**

Lev 14:6 **Die priester moet dan die lewende voël vat en hom saam met die stukkie sederhout, die bloedrooi garing en die hisoptakkie dompel in die bloed van die voël waarvan die kop afgesny is oor die bakkie vars water.**

Lev 14:7 **Hy moet die water met die bloed in sewe maal sprinkel oor die persoon wat gereinig moet word van sy siekte en hom dan rein verklaar. Daarna moet hy die lewende voël in die veld loslaat.**

Lev 14:8 Die persoon wat gereinig word, moet sy klere was, al sy hare afskeer en bad. Dan is hy rein en mag hy in die kampplek ingaan, maar hy moet nog 'n week buite sy tent bly.

Lev 14:9 Op die sewende dag moet hy al sy hare afskeer. Hy moet sy hare, sy baard, sy wenkbroue en al sy liggaamshare afskeer. As hy dan sy klere gewas en hom gebad het, is hy rein en mag hy in sy tent ingaan.

Lev 14:10 Op die agste dag moet hy twee ramlammers en 'n jaaroud oilam, almal sonder liggaamsgebrek, 'n graanoffer wat bestaan uit vyf kilogram meel wat met olyfolie aangemaak is, en 'n halwe liter olyfolie na die priester toe bring.

Lev 14:11 Die priester wat die reiniging doen, moet dan die persoon wat gereinig word, saam met sy offergawes bring na die ingang van die tent van ontmoeting toe, in die teenwoordigheid van die Here.

Lev 14:12 Daarna moet die priester die een ramlam en die halwe liter olie as 'n skuldoffer bring; hy moet dit as 'n beweegoffer vir die Here aanbied.

Lev 14:13 Hy moet die lam slag op dieselfde plek waar die sondeoffer en die brandoffer geslag word, op die gewyde plek, want die skuldoffer is net soos die sondeoffer. Dit kom die priester toe, dit is 'n besondere gewyde gawe.

Lev 14:14 Die priester moet van die bloed van die skuldofferlam smeer aan die regteroorlel, die regterduim en die regtergroottoon van die persoon wat gereinig word.

Lev 14:15 Daarna moet die priester van die olyfolie in die palm van sy eie linkerhand gooi,

Lev 14:16 'n vinger van sy regterhand in die olie druk en dit sewe maal sprinkel in die teenwoordigheid van die Here.

Lev 14:17 Die priester moet van die olie wat in sy handpalm oorbly, bo-oor die skuldofferbloed smeer wat aan die regteroorlel, die duim en die groottoon van die persoon is.

Lev 14:18 Die priester smeer die res van die olie in sy handpalm aan die kop van die persoon wat gereinig word. So doen die priester versoening by die Here vir die persoon.

Lev 14:19 Daarby moet die priester ook die sondeofferlam offer en so versoening doen vir die persoon wat gereinig word. Hierna mag die persoon die brandofferlam slag,

Lev 14:20 en die priester moet dit saam met die graanoffer op die altaar verbrand. Wanneer die priester so versoening gedoen het vir die persoon, is hy rein.

Lukas 22: 14-20

Luk 22:14 Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel gegaan en die apostels saam met Hom.

Luk 22:15 Hy sê toe vir hulle: "Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly.

Luk 22:16 Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie."

Luk 22:17 Daarna neem Hy 'n beker, spreek die dankgebed uit en sê: "Neem dit en gee dit vir mekaar aan.

Luk 22:18 Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nie weer wyn drink voordat die koninkryk van God gekom het

nie."

Luk 22:19 Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis."

Luk 22:20 Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word.

Skriflesing: Levitikus 14: 1 -19; Lukas 22: 14-20

Teks: **Levitikus 14: 3-7**

Sing: VOORAF SANG – Ps. 122:1,2

TYDENS EREDIENS - Ps. 150:1; Ps. 103:2; Ps. 116:1,4,5; Sb. 5-4 (10):2,3,5,6

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, so twee Sondae gelede het ons die sakrament van die heilige Nagmaal in die gemeente kon vier. Watter besondere voorreg wat so ingrypend op ons elkeen se lewe inwerk. Om hierdie ingryp van God in ons lewens vandag nog mooier en duideliker te laat uitstaan het ons 'n gedeelte in Levitikus geles wat op die oog af eintlik snaakse handeling en rituele bevat. Dis dinge wat op die oog af snaaks mag lyk en sal party dalk dink maar is al hierdie gedoentes nou nodig. Tog besef ons niks in God se Woord staan onnodig daar en mag ons nooit dele uit die Skrif, buite verband lees nie.

Alles wat in die gelese Levitikus 14 staan, was handeling wat uitgevoer moes word as 'n persoon met die verskriklike siekte van melaatsheid getref was. Dit was die verskriklikste siekte van daardie tyd en om daarvan genees te kon word, was geen geringe saak nie. Dadelik besef ons dat melaatsheid wys in God se Woord nie net op die verskrikking van 'n siekte wat 'n enkeling kon tref nie, maar God maak geen geheim daarvan dat as ek na myself kyk en dit wat sonde in ons lewe is en doen, het alles met melaatsheid te make. Al is die siekte van melaatsheid lankal deur die wetenskap en moderne geneesmiddelle in bedwang gebring is die toestand van sonde en dit wat die mens deur sonde hierdie lewe indra niks anders as 'n melaatsheid wat ons hierdie lewe indra nie. Daar is geen mens wat sal kan sê dat my sonde maak my nie melaats in God se oë nie. Ons is deurtrek van melaatsheid as dit nie was vir dit wat Levitikus 14 nou nog in ons lewe kan beteken nie.

Om in die besonderhede van Levitikus 14 jouself in te leef is nie so moeilik nie. Ons word by twee jong voëltjies uitgebring. Ons kan ons onself voorstel as voëltjies wat al sterk kan vlieg. Die ritueel wat met die een voëltjie gevolg word staan nie los van die ritueel wat met die ander voëltjie gevolg sou word nie. Ons kan sê die redding en vryheid van die een voëltjie is alleen moontlik in wat met die ander voëltjie gebeur. Die een voëltjie sou nie weer vry die ruimtes kon invlieg as dit nie was vir wat die ander voëltjie moes deurgaang nie.

Die een voëltjie bring as't ware lewensherstel vir die ander voël. As dit nie was vir die lewensherstel wat die eerste voëltjie moontlik gemaak het nie dan sou die lewenskragtigheid van die tweede voëltjie wat weer vol krag en met volle vlerkgeklap die ruimtes kon invlieg, nie moontlik gewees het nie. Tog is daar meer aan die gang as net dit wat met die voëltjies gedoen moes word. Daar is ook 'n stukkie sederhout, bloedrooi garing en 'n hisoptakkie en 'n erdebakkie met vars water wat alles verreken moet word. Al hierdie elemente dra besondere geestelike betekenis as die priester met dit alles moes begin werk.

Die priester tree op in belang van die mens wat met die siekte van melaatsheid deurtrek was en nou gesond kon word maar ook eers gereinig moes word voordat die mens weer in sy huis en sy gesin en sy dorp toegelaat kon word. Daar gebeur só baie dinge om hierdie terugkeer vir die enkeling moontlik te maak wat in ons lewe ook groot dinge impliseer.

Terug by die twee voëltjies is daar die een voëltjie wat met sy lewe moes betaal. Daardie voëltjie se kop word afgesny en sy bloed word met die vars water in die erdebakkie gemeng. Die ander voëltjie wat kan bly lewe word dan saam met die stukkie sederhout, die bloedrooi garing en die hisoptakkie gedompel in die bloed van die voël waarvan die kop afgesny is oor die bakkie vars water.

Nou waarvoor al die geskarrel, waarom al die doenigheid mag ons dalk weer wil vra? Is iets hiervan sonder enige betekenis of moet die betekenis van dit alles nie juis al meer en dieper betekenis in ons lewens inwerk nie. As ons besef ál die dinge moet al dieper betekenis in ons lewens ook dra dan sal ons doenighede en die wyse waarop ons Nagmaal vier en selfs die feit dat kindertjies soos daardie lewende voëltjie ook met water gedoop word nie sonder betekenis wees nie.

Sederhout is in die ou dae gebruik as 'n ontsmettingsmiddel. Iets soos Dettol in ons tyd! Al is dit net 'n stukkie sederhout in die water is daar bewys daardie hout gee aan die water medisinale vermoë. Om die melaatse se verrotte vel en stukke vleis wat deur die melaatsheid weggevreet was daarmee te behandel het dit die moontlikheid tot genesing aangehelp. Dit dryf as't ware die dood uit die lelike wond en laat die lewe weer te voorskyn kom. Die bloedrooi garingdraadjie of

skarlaken draadjie of die 2020 vertaling praat van 'n karmosynrooi toutjie, ja alles besondere skakerings van rooi. Die feit is dat die tipe rooierige toutjie of garing simboliseer die kleur van bloed en lewenskrag. Die toutjie is gebruik om die stukkie sederhout en die hisoptakkie aan mekaar vas te bind. Hisop word in die 2020 vertaling genoem 'n *marjolein takkie*. Volgens die verklaring is *marjolein* die spesifieke plant *Origanum syriacum* wat teen mure groei en as dit met water gemeng raak is die water ook as reinigingswater gesprinkel. So het die sederhout en die hisop moes saamwerk terwyl hulle aanmekaar gebind was. Hierdie marjolein bevat ook 'n tipe olie wat baie lekker ruik. Dawid het al in Psalm 51 voor die Here dit uitgeroep *ontsondig my met hisop, dat ek rein kan wees*. Aan die kruis het die soldate in hulle bespotting ook vir Jesus die spons met bitter asyn dit op 'n hisopstingel gesit wat hulle Jesus aangebied het om te drink. Niks sou daar kon wees wat Jesus se bittere lyding kon versag of dit op 'n manier vir Hom makliker kon maak nie.

Die priester by die melaatse het die een voëltjie se kop oor die vars water afgesny en so het die bloed in die water beland en met die ander elemente vermeng geraak. Water op sigself is natuurlik ook die beste reiniging wat daar kan wees en sonder die water sal eintlik niks van die ander elemente hulle werk kon doen nie. Geliefdes bring ons al hierdie dinge bymekaar dan behoort 'n blinde selfs met 'n stok dit aan te voel en so kan ons nie anders as ons ook die geslagte voëltjie en wat alles met die voëltjie se bloed gebeur het met die werk van Jesus Christus hier op aarde in verband te bring nie. Water is nie verniet die besondere teken wat by die doop ook gebruik word om die afwassing van ons sondes af te beeld nie.

Ons moet heeltyd in gedagte hou dat hierdie dinge rondom die voëltjies gebeur om in die lewe van die melaatse die lewensherstel wat daar kan wees terug te bring. Die vars water en die uiteindelijke wegvlieg van die een voëltjie teken die teruggee van die lewe aan die melaatse mens. As dit nie was vir die voëltjie wat doodgemaak en geslag moes word sou die lewensherstel vir die ander voëltjie nie moontlik gewees het nie. Die bloed van die voëltjie moes gestort word tot 'n versoening vir die melaatse. Die bloed van die een voëltjie kom letterlik op die ander voëltjie sodat hy lewend kan wegvlieg.

As die melaatse weer in sy gemeenskap mag terugkeer sou die beeld van die twee voëltjies sekerlik diep in sy gedagtes vasgelê wees. Ek is daardie voëltjie wat verdien het om te sterf maar omdat die bloed van die geslagte voëltjie gevloei het, die ander voëltjie daarin gedompel en daarmee bedek is, kon dit vryraak. As die voëltjie weer tussen die ander voëls mag inbeweeg, weer sy nes mag bou dan sê dit alles vir die melaatse watter genade het my deel geword. Ek kan weer terugkeer na my huis, my familie, my vriende.

Daarom het die priester nie net die latere vrye voëltjie in die voorbereide water gedompel nie, maar het die priester self ook van daardie water op die melaatse gesprinkel. Die een voëltjie onderdompel, die melaatse nie onderdompel nie, maar met dieselfde water besprinkel, word 'n aangrypende handeling. Die betekenis van die voëltjie word na die melaatse oorgedra. Hy kan vry wees, gereinig, gesond maar tog moes hy aan homself ook aandag gee. Hy moes eers sy klere was en sy hare skeer vóór hy werklik volkome na sy gemeenskap kon terugkeer. Al was hy terug in die laer dan gebeur daar nog weer 'n ding. Vir eers moes hy nog sewe dae buite sy tent bly en op die agtste dag het hy 'n skuldoffer aan die Here gebring. Nou was hy rein en volkome een met God se volk. Alles afgeteken in 'n ou klein voëltjie wat kon wegvlieg.

Hier amper aan die einde van die jaar, enkele weke voordat die geboorte van ons Here Jesus Christus weer ter sprake gaan kom, weet ons die prys wat Jesus moes betaal begin wel by die krip maar waar dit werklik op sou uitloop is al afgeteken in daardie voëltjie wat geslag moes word. Jesus se sweet het in die tuin van Getsémané soos bloeddruppels geword. Daar begin die bloed al! Bloed wat op ons sonde belaaide mense, ja ek as mens melaats van sonde sou nie sonder hierdie bloed gereinig kon word nie. Ons wat uit onself die ewige dood as straf op die sonde reeds in beginsel moes dra, so word elke mens gebore. In sonde ontvang en gebore!

Ons verdien nie om binne die laer, mag ons dit noem God se Kerk ... ons verdien nie om uit onself daar te mag inkom nie, soos wat die melaatse nie uit homself dit durf waag sy voet naby sy huis en stad en mense te sit, solank die siekte hom aangekleef het nie. Daarom as ons lees hoe Jesus die Nagmaal ingestel het, dit wat ons twee weke gelede kon vier, dan begin dit by die paasmaaltyd. Maar Jesus betrek die dinge nou op Homself. Dit gaan om die beker, dit gaan om die wyn, dit gaan om die brood, dit gaan om daardie dankgebed wat Jesus in sy swaarste

aanvegtinge wel by uitgekom het. As Jesus die brood neem, Hy breek dit, Hy dank die Vader, dan sê Hy - *Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis.* Die beker dra dieselfde refrein, dieselfde betekenis as ons vers 20 lees - *Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word.*

Besef u in wat Jesus hier sê en wat in die vrye voëltjie ter sprake kom is profeties op mekaar ingestel. Dis asof daardie voëltjie met die wonderlikste van profesie op sy klein vlerkies kon wegvlieg. Ons is vrygemaak, vry van die sonde, vry van die werklike mag van die ewige dood, vry in wat satan met ons eintlik wil regkry, vry deur nie deur wetsonderhouding te lewe nie, maar my vryheid sê ek kan gaan waar ek wil, ja ek kan weer rondvlieg soos daardie voëltjie, maar ek kan nooit vryraak, ek kan nooit wegvlieg van die bloed van Christus nie. Daarin is ons redding, soos daardie voëltjie in die gestorte bloed van 'n ander voëltjie alleen gered kon word. Dit wat die redding vir die melaatse ook was, moet nie van die gestorte bloed probeer wegkom nie.

Watter genade dat ek nie daarvan kan wegvlieg nie. As die voëltjie die bloed van die ander op sy vrye vlerkies sou bly dra dan besef ek so bevoorreg is ons deur ons doop, dat ek weet Jesus Christus se bloed het ook op ons gekom; ook vir jou en my het Hy sy bloed gestort. Hy is geslag soos daardie voëltjie wat eintlik onskuldig in dit alles gekom het, maar wat sy lewe moes gee.

In die wete kon die melaatse na sy stad terugkeer, na sy huis, ná sy mense, maar tog deur 'n proses. In dit alles kon hy niks verdien nie. Hy het beslis nie verdien om weer gesond te kon word nie, maar tog het hy gesond geword, tog het hy na sý mense kon terugkeer. As ons onself vandag in die posisie van daardie vrye voëltjie mag insien en ons sien hoe Jesus vir ons soos daardie geslagte voëltjie moes word dan klink dit alles so eenvoudig, maar die werklikheid en die prys wat betaal moes word, was nie eenvoudig nie. Al is ons gereinig, lewe ons nog op hierdie aarde. Al was daardie voëltjie vry, was sy terugkeer na die nes nie volmaak nie. Op hierdie aarde is niks volmaak nie.

Besef u dit is waarom niemand van ons in ons vryheid sonder die Heilige Gees kan lewe nie. Die mag van die sonde is nog nie heeltemal verbreek nie. Die afgelope week se verbysterde onsekere politieke ontrafeling en eintlik uitrafeling onderstreep dit maar net weer. Só hou dit aan ... week in ... week uit. Wanneer jy jou vryheid misbruik dan rafel jy uit, ja dan gebeur wat in die wêreld en ons land een gemors word, wanneer mense dink ek is mos vry, ek kan maar maak wat ek wil. Asof God se Wet en wat Jesus in sy bloed vir ons gewys het sommer van mekaar geskei mag word. As ek naby Christus wil lewe, dan wil ek juis nie my vryheid misbruik nie, maar wil ek ook naby God se wet lewe.

Ek mag nie wil skei wat Christus met die garing van sy werk aanmekaar gebind het nie. Die beker en die brood hoort bymekaar, soos die beker en die wyn bymekaarhoort. Die stukkie sederhout en die hisoptakkie moes deur die rooi draadjie, die stukkie rooi garing aan mekaar verbind kon word. Die priester moes albei laat werk, hy mog nie in die proses van werk met die geslagte voëltjie nou maar die ou stukkie garing minag nie. Asof dit nou maar net vêrder oor die voëltjie gaan nie! Alleen as dinge reg gebeur kon daar vir die voëltjie weer vryheid wees en vir die melaatse weer terugkeer na die lewe wees.

Ons besef ook ons moet voortdurend gereinig word, ja elke dag gereinig, voordat ons ook ons ewige tentwoning mag betree. Dit kan alleen gebeur deur die werk van die Heilige Gees, gebind aan die bloed wat Christus vir ons gegee het. Weereens moet nie probeer skei wat God goed saamgevoeg het nie. Sy Seun se bloed gebind aan die werk van die Heilige Gees. Dan gebeur wat die apostel Petrus jou en my verantwoordelikheid mooi saamvat as hy sê ons is geroep om ons roeping en verkiesing vas te maak. Ek kan nie my roeping sonder my verkiesing laat werk nie en as die verkiesing vas is, dan sal daar 'n roeping wees. Ook as Jesus Self sy dankgebed en sy gedagtenis saamvoeg dan sou dit alleen kon gebeur in die werk van die Heilige Gees. Ons kan dit nie anders doen nie.

Daarom dat Jesus by elke keer se Nagmaal vir jou en my sê – *Doen dit tot my gedagtenis ...* Besef u watter groot gedagte is dit in hierdie baie deurmekaar wêreld. Waar alles afgebreek word en dit lyk by die dag dinge breek net verder uitmekaar dat ons in die werk van Christus mag praat van ons lewensherstel te midde van en ten spyte van 'n groot breekspul. Tog weet

ons op die einde sal God sy ware Kerk nie uitmekaar laat breek nie, al is die buitekant hoe stukkend en broos soos daardie melaatse man se vel. Ons as kerk is aan ons buitekant ook maar net so stukkend en broos, maar die lewensherstel vir daardie melaatse mens spreek reeds van die lewensherstel wat vir die kerk ook mag kom. Glo dit en werk daaraan.

Sien in jou geestesoog vandag 'n gewaste vrye voëltjie wegvlieg en weet, dit is ek daardie, maar ek kan alleen net vlieg, werklik in die regte rigting vlieg as die Heilige Gees my sy krag en sy koers aandui. Dit wat in die Woord van God geskryf staan.

AMEN